

## DIE MILITÊRE TRADISIE VAN DIE KLEURLING

Die Suid-Afrikaanse Kleurlingkorps, met hoofkwartier by Eersterivier naby Kaapstad, was op 1 April 1968 amptelik vyf jaar oud. Dit is 'n eenheid van die weermag waarop almal met reg trots kan wees.

Die Kleurlinge se aandeel in die militêre geskiedenis van Suid-Afrika spruit uit die jaar vroeg. Die Hottentot-werkers van die Kaapse koloniste het geweet hoe om met die outydse voorlaaiers, genaamd *snaphaanen*, te skiet. Betroubare Hottentotte het dikwels die burgerkommando's vergesel wat teen die Boesmans in die binneland geveg het. Gekleurdes het ook saam met die Voortrekkers die binneland van Suid-Afrika ingetrek. Nagenoeg 30 Kleurling-agterryers was byvoorbeeld deel van die Retief-geselskap wat in 1838 op verraderlike wyse deur Dingaan by Ungungundlovu vermoor is.



'n Hottentot Sersant in die Cape Mounted Rifles.  
(Foto: Staatsargief, Kaapstad.)

Die eerste Hottentot-regiment dateer uit die regeringstyd van baron Van Plettenberg. Dit het die *Corps Bastaard Hottentotten* geheet en is op 3 April 1781 in die lewe geroep. Die 400 soldate van die korps was almal ontstamde Hottentotte wat reeds met die blankes se leefwyse kennis gemaak het. Die owerheid wou hulle uitsluitlik gebruik om die Kaap teen 'n buitelandse aanvaller te help verdedig. Die offisiere van die korps was almal ervare burgers. Die bevelvoerders was Hendrik Eksteen, 'n oud-luitenant van die burger-infanterie, en Gerrit Munnik, oud-heimraad.

Die Franse skrywer Le Vaillant het 'n komiese beskrywing van die korps nagelaat. Hy beweer dat die soldate nie kon drill nie omdat hulle nie eens tussen links en regs kon onderskei nie. Ongelukkig het die korps nooit kans gekry om sy waarde te bewys nie, want in June 1782 is dit ontbind nadat Franse huurtroepe die Kaapse garnisoen kom versterk het.

Die Europese magstryd na afloop van die Franse Revolusie het die stigting van 'n *Corps Pandouren* in 1793 aan die Kaap genoodsaak. Hottentot-rekrute is uit al die distrikte ontbied. Die Morawiese sendingstasie by Baviaanskloof (vandag Genadendal) moes ook 'n aantal manskappe lewer. Die sowat 150 pandoere, soos dié soldate geheet het, was onder bevel van kaptein Jan Cloete en ander bekwame offisiere. Op 7 Augustus 1795 het hulle deelgeneem aan die roemlose slag by Muizenberg. Vier Britse oorlogskepe, die *America*, *Stately*, *Rattlesnake* en *Echo* het met hul kanonne op die pandoere losgebrand wat teen die berg stelling ingeneem het. Daar was groot wanorde en al die soldate het uiteindelik met die lafhartige luitenant-kolonel De Lille na Steenberg teruggetrek.

In die volgende weke het die pandoere saam met die burger-ruitery noemenswaardige diens gelewer. Hulle het onder bevel van die broers Linde 'n aantal Britse voorposte naby Muizenberg aangeval en die vyand verdryf. Kaptein Cloete het op hierdie stadium ongesteld geraak en die pandoere was al meer ontevrede oor hul behandeling. Op die middag van 1 September 1795 het hulle alle militêre kodes oorboord gegooi en sonder dat enigeen dit kon verhoed, die Steenberg-voorpos verlaat en na Kaapstad marsjeer. Hulle wou die *Grootbaas* (kommissaris Sluysken) persoonlik spreek. Sluysken het hulle binne die Kasteel ontvang en hulle die volgende dag met beloftes van beter behandeling en 'n hoër soldy na Steenberg teruggestuur. Sluysken was nie meer seker van hulle lojaliteit nie en wou dadelik nuwe rekrute begin werf. Op 14 September het die groot Britse opmars egter na Kaapstad begin en die volgende dag was die Britse oorname, 'n voldoende feit.

Die Britse militêre bewindhebber Craig, het 'n hoë dunk van die pandoere gehad. In April 1796 het hy majoor Fielder King gelas om 'n Hottentot-korps van 200 of 300 soldate te stig. Die soldate van hierdie *Cape Regiment* het 'n veelkleurige uniform gedra en is deur Britse offisiere aangevoer. Craig het politieke oogmerke met hierdie korps gehad. Hy wou die steun van die Hottentotte probeer wen en hulle as bondgenote teen die vyandige burgers gebruik. Toe die Van Jaarsveld-opstand in 1799 uitbreek, is Hottentot-soldate saam met ander Britse troepe na die oosgrens gestuur. Daarvan het die burgers niks gehou nie — veral nie

toe leegloper-Hottentotte ook deur generaal Vandeleur in die korps opgeneem is nie. Dwarsdeur die grensoorlog van 1799 was Hottentot-soldate gebruik. Hulle het die land goed geken en was goeie gidse en boodskappers.

In die politieke struwelinge na 1800 was die Hottentot-korps weer op die voorgrond. Die owerheid het hulle uiteindelik almal (mans, vrouens en kinders) by Rietvlei naby Kaapstad saamgetrek en op staatskoste onderhou. Daardeur is 'n twisappel op die oosgrens vermy, maar het nuwe gerugte in Kaapstad ontstaan. Die burgers het 'n opstand van gewapende Hottentotte gevrees.

Toe Kaptein D. Campbell op 'n Sondagmôre in 1802 met 'n aantal Hottentot-soldate die dorpie Tulbagh nader, het die bewoners groot geskrik. Mense wat die erediens in die kerk bygewoon het, het hals oor kop uit die kerk gevlug. Hulle kon later smaaklik lag oor hierdie voorval, maar dit was 'n bewys van die wantroue van die burgers teenoor Hottentot-soldate in die Britse diens.

In 1803 het die Bataafse regering die Kolonie verkry. Die regeerders Janssens en De Mist het die Hottentot-korps by Rietvlei geërf. Hulle moes kies om 700 „nuttelose” Hottentotte (waarvan slegs 300 soldate was) te onderhou of die veiligheid van die Kolonie in gevaar te stel. Dit het etlike maande geduur voordat Janssens teen Augustus 1803 die meeste Hottentotte as werkers aan die burgers kon verhuur.

Die politieke woelinge in Europa het Janssens in 1803 laat besluit om weer 'n betroubare Hottentot-korps in te stel. Hierdie *Corps vrije Hottentotten* is onder bevel van kaptein Frans le Sueur geplaas. Die hoofkwartier is later vanaf Rietvlei na Wynberg verplaas. Nadat die korps baie uitgebrei het, is dit in die *Bataillon Hottentotsche Ligte Infanterie* omskep. Die bekende reisiger Hinrich Lichtenstein was 'n tyd lank geneesheer van dié bataljon. Twee afdelings van dié bataljon het op 8 Januarie 1806 aan die slag van Blouberg deelgeneem. Sewentien soldate van die bataljon het in die skermutselinge gesneuwel of is gewond of vermis. Die ander twee afdelings van die bataljon het in Muizenberg en Simonsbaai diens gedoen en later by Janssens se verslane troepe in Hottentots-Holland aangesluit.

Die Britse bevelvoerder Baird het onmiddellik na Janssens se oorgawe (18 Januarie 1806) 'n nuwe *Cape Regiment* gestig. Die regiment was onder bevel van majoor John Graham en het spoedig uit 500 soldate bestaan. Die hoofkwartier was aanvanklik by Wynberg, maar is na die oosgrensoorlog van 1811 na Grahamstad verskuif. Vanaf hierdie tyd was die geskiedenis van die *Cape Regiment* onafskeidbaar verbonde aan die gebeure op die oosgrens. In 1815 kon die burgers nie begryp waarom die owerheid juis Hottentot-soldate moes gebruik om 'n blanke, Frederik Bezuidenhout, te arresteer nie. Dit het gelei tot die uitbreek van die Slagtersnek-opstand, wat 'n lang skaduwee oor die geskiedenis van die land sou werp.

In 1817 het goewerneur Somerset uitvoering aan 'n besluit van die Imperiale owerheid gegee. Hy het die *Cape Regiment* ontbind, aangesien dit te veel uitgawes geveerg het. Hy het in plaas daarvan die *Cape Corps*

of *Infantry and Cavalry* ingestel. Dit was onder bevel van die ervare majoor George Sackville Fraser. Vir die eerste keer was Hottentot-soldate ook as berede soldate gebruik. Hulle taak was om die oosgrens te patroleer. In 1823 het Henry Somerset, seun van die goewerneur, bevelvoerder van die *Cape Corps* geword.



*Kol. H. Somerset. Foto: Staatsargief, Kaapstad.*

In 1827 is hierdie koloniale korps vanweë finansiële redes onthind en deur 'n imperiale regiment, die *Cape Mounted Riflemen*, vervang. Henry Somerset het daarvoor bevel gevoer. Die C.M.R. het tot in 1870 voortbestaan en met groot onderskeiding aan die Sesde, Sewende en Agtste Oosgrensoorloë deelgeneem. Sommige afdelings het selfs buite die kolonie — in die Vrystaat, Lesotho en Natal — saam met ander Britse troepe diens gedoen.

Aanvanklik was die meeste soldate kleurlinge (genoem Hottentotte), maar blankes is ook geleidelik as gewone soldate in diens geneem. In 1850 het luitenant-kolonel William Sutton die bevelvoerder van die regiment geword. Toe was daar 33 Britse offisiere en 868 gewone soldate. Tweederdes was beskryf as Hottentot-soldate; die ander derde as Britse soldate.

Met die uitbreek van die Agtste Grensoorlog in 1850, het meer as 50 Hottentot-soldate van die C.M.R. in opstand teen die Britse owerheid gekom. Die gevolg was dat nog 300 Hottentot-soldate van die C.M.R. veiligheids-halwe ontwapen moes word. Vir die Britse regering was daardie grensoorlog die langste en duurste wat ooit plaasgevind het. Daarna is Britse soldate in groter getalle in die C.M.R. opgeneem. Teen 1853 was slegs een-derde nog Hottentot-soldate. Toe die C.M.R. in 1870 ontbind is, het daar nog tien kleurlinge diens gedoen.

Die kleurlinge se militêre diens het nie met die C.M.R. geëindig nie. Cecil Rhodes het hulle in Masjonaland gebruik en waardevolle diens is deur kleurlinge agter die gevegslinies tydens die Anglo-Boere-oorlog gelewer. Generaal Louis Botha het ook bemerk watter goeie diens kleurlinge tydens die Unie se besetting van Duits-Suidwes-Afrika (1914-'15) gelewer het.

Die Eerst Wêreldoorlog het geleentheid gebied vir die stigting van 'n nuwe *Cape Corps*. Die offisiere was weer eens blankes en die gewone soldate kleurlinge. Op 21 Oktober 1915 het die werwing van rekrute op groot skaal begin. Binne twee maande was meer as 1,000 manskappe gewerf en kon die manne drie dae lank intensiewe opleiding by *Red Hill*, Simonstad, ontvang. Op 9 Februarie 1916 het die *Armada Castle* met 1,022 manskappe en 32 offisiere uit Tafelbaai na Oos-Afrika vertrek. Hulle het op 17 Februarie in Mombassa aangekom en na Kajiado vertrek. Op 7 Maart het hulle aan hul eerste geveg by die Ngare Nanjuki-moeras deelgeneem. Daarna het hulle aan heelwat kleiner gevegte onder generaal-majoor A. R. Hoskins deelgeneem. Dit was in die omgewing van Same, suid van die Paregebergte.

Op 20 Januarie 1917 het die korps 'n groot oorwinning by Kibongo behaal, maar baie soldate het gesneuwel. Majoor Durham en sy A-kompanie het die Duitse vesting Nyakisiki verower. Op 2 September het luitenant Zingel onvoorwaardelik aan majoor Hoy oorgegee. Dit was by Tschogowali. Oberleutnant Naumann het presies 'n maand later aan luitenant-kolonel Morris by Luita-berg oorgegee. Op 6 November het die *Cape Corps* swaar verlies by Mkungu gely, maar teen 8 November geseëvier. In die gevegte is met bajonette gestorm en o.a. 'n masjiengeweer van die vyand gebuit. Op 18 November het die *Cape Corps* 'n groot vyandelike hospitaal by Nambwinding beset. Die volgende dag het 30 Duitsers en 78 Askari-vegsmanne aan die korps by Kitangari oorgegee. Dit was hulle laaste buit in Duits-Oos-Afrika.

Die korps is via Dar-es-Salaam na die Unie teruggestuur vir 'n welverdiende ruskans. Hulle het op Kersdag in Durban aangekom. Op 31 Maart 1918 het die eerste bataljon hul depot by Kimberley verlaat om aan die oorlog in die Midde-Ooste deel te neem. Hulle het op 19 April in Suez aangekom en het vanaf 22 Mei tot 15 Julie by El Arish opleiding in woestyn-oorlogvoering ontvang. Op 22 Julie het die bataljon by die 160e Brigade by Rham Alla op die Palestynse grens aangesluit.

Hulle het aan die Palestynse inval van generaal Allenby deelgeneem. Op 18 en 19 September het die *Cape Corps* die strategiese Dhib- en Square-

heuwels beset. Op 20 September het die bataljon 'n tydelike terugslag by Kh Jibiet ondervind. Baie lewensverliese is gely. Dit was die laaste geveg van die *Cape Corps* in Palestina. Vanaf 1 November 1918 tot 12 Maart 1919 was die bataljon in Alenxandrië. Daarna het hulle gehelp om 'n Egiptiese opstand te onderdruk. Op 16 Augustus het hulle uit Suez na Suid-Afrika vertrek.

Die soldate van die *Cape Corps* is gulhartig verwelkom toe hulle op 4 en 5 September in Kaapstad aangekom het. 'n Ontvangs in die stadsaal is bygewoon deur die toenmalige goewerneur-generaal (burggraaf Buxton), eerste minister (generaal Smuts), Kaapse administrateur (sir Frederic de Waal) en burgemeester van Kaapstad (W. J. Thorne). Die laaste soldate is op 8 September 1919 by Maitland, naby Kaapstad, ontslaan.

Die korps het waardevolle diens aan die Geallieerde magte gelewer, maar baie manskappe het op die slagveld en ten tye van die griep epidemie van 1918 gesterf. John X. Merriman het 'n onverbeterlike getuigskrif aan die *Cape Corps* gegee. Hy het getuig: „No collection of men ever showed more zeal, devotion to duty, or discipline than the Cape Corps.”

Dit was nie verbasend toe daar weer 'n *Cape Corps* tydens die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) in die lewe geroep is nie. Die kleurlingmanskappe het hierdie keer slegs as nie-vegtendes op die slagvelde van Oos-, Midde- en Noord-Afrika diens gedoen. Later was sommige ook saam met die Geallieerde magte in Italië. Hulle het veral waardevolle diens as voertuig-bestuurders en meganici vir die Britse en Suid-Afrikaanse troepe gelewer. Die kleurlinge het ook vir die eerste keer in die geskiedenis in die Suid-Afrikaanse vloot diens gedoen. Hulle het ook krygsgevangenes op die oorlogsfront bewaak.

Met die stigting van die Suid-Afrikaans Kleurlingkorps in 1963, is die militêre tradisie van die kleurlinge voortgesit. Net soos tydens die Tweede Wêreldoorlog, word die lede van die korps nie vir offensiewe krygsverrigtinge opgelei nie, maar om waardevolle hulpdienste aan die weermag te verskaf.

J. de Villiers.